

14 November 2021

Gr R tot Gr 3



Niks is **groter** of **sterker** as
God nie!

Markus 13:1-8

Neem saam:

- Blokkies of doppies om mee torings te bou
- Tennisbal
- Foto of prent van die Titanic
- Papier om bootjies mee te vou

voorbereiding

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders
om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Kom ons bou:
Neem blokkies saam klas toe, of leë doppies. Deel die kinders in groepe en laat hulle kyk wie kan die sterkste en hoogste toring bou. Kyk hoe sterk die torings is deur byvoorbeeld 'n tennisbal teen dit vas te rol en te kyk

watter een bly staan. Gee die spanne 'n tweede kans om 'n beter en sterker toring te bou. Toets weer die torings uit en gee vir die wenspan elkeen 'n marshmallow of lekkertjie.

Wie van julle se pappas is die sterkste? Gee geleentheid aan die kinders om te verduidelik hoekom hulle dink hul pappa is die sterkste. Soms sien ons groot en sterk spiere en dink ons die een of daai een is baie sterk, maar die toets kom eers wanneer twee mense wat ons dink sterk is, teen mekaar arm druk of gewigte moet optel en ons so kan bepaal wie die winner is. Die pappas is nie nou hier nie, maar laat gerus die kinders teen mekaar arm druk om 'n winner te bepaal.

Het julle al gehoor van die groot skip, die Titanic. Dit was 'n groot passasierskip. Hy het baie mense op hom kon neem. Die mense wat die skip gebou het het gesê die skip is so groot en sterk, hy sal nooit kan sink nie. Hulle het tot gesê nie eens God sal die Titanic kan laat sink nie. Maar toe gebeur daar 'n verskriklike ding op die eerste reis

wat die Titanic moes neem op die see. Die skip het teen 'n groot ysberg vasgeseil. Mens kon nie die ysberg bo die water sien uitsteek nie, maar die ysberg wat net onder die water was, het die skip se kante oop geskeur en die water het ingekom en toe het die skip gesink. Dit was 'n groot tragedie want almal het gedink dit is die grootste en sterkste skip wat bestaan. Maar steeds het dit gesink.

Soms kyk ons na goed om ons, soos groot geboue, of hoë torings. Dalk sien ons sterk brue en wanneer ons so na alles kyk, dink ons dat niks op die aarde hulle ooit sal kan breek nie. Ons vergeet dat God groter as enige iets is. Aardbewings kan die grootste gebou uitmekaar skud, vloedwaters kan brue laat wegspoel. Iemand wat siek word se sterk spiere kan tot niet gaan. Maar die enigste een wat altyd die grootste en sterkste sal bly, is God self.

gesels tyd (vervolg)

Hierdie liedere is slegs voorstelle.
Sing gerus iets wat meer bekend is.

sing tyd

Liedjie: My God is so groot

My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen
My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen
Die berge maak Hy, die riviere daarby
Die see en alles daarin
My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen

Liedjie: Wie's die Koning van die oerwoud

Wie's die Koning van die oerwoud
Wie's die Koning van die see
Wie's die Koning van die groot heeal
Wat alles vir ons gee
Sy naam is J-E-S-U-S, J-E-S-U-S

Hy's die Koning van die oerwoud
Hy's die Koning van die see
Hy's die Koning van die groot heeal
Wat alles vir ons gee
Sy naam is J-E-S-U-S, J-E-S-U-S

BYBEL tyd

Terwyl Jesus op aarde was, het Hy Sy dissipels geleer van God se liefde. Sy dissipels was mense wat naby aan Hom geleef het en oral saam met Hom gegaan het. Hulle het geleer van God se omgee en sorg vir Sy kinders. Jesus het hulle vertel dat daar 'n tyd gaan kom wat Hy nie meer by hulle gaan wees nie. Hy het hulle vertel dat daar tye gaan kom wat alles wat bekend is,

weg sal gaan. Steeds het die dissipels nie alles verstaan wat Hy hulle geleer het nie. Hulle was soos ons ook maar partykeer vasgevang om te kyk na alles wat mooi en groot lyk, en tog het Jesus vir hulle gesê dat selfs die groot sterk tempels en geboue ook sal vergaan, want God gaan op 'n dag kom om Sy kinders te kom haal.

Kom ons lees daarvan in die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit Mark. 13:1-8

In die gedeelte lees ons hoe die dissipels kyk na die groot gebou en sterk tempels. En dan vertel Jesus dat dit alles afgebreek sal word. Jesus voorspel die laaste dae. Hy waarsku hulle dat hulle nie aan mense en geboue moet vashou nie, maar hulle moet onthou wat Hy hulle geleer het. Die dissipels verstaan nie alles nie en vra vir watter tekens hulle moet uitkyk. Dan praat Jesus van oorloë en aardbewings en hongersnood wat sal voorkom. Dis is alles dinge wat vandag ook gebeur. Hy waarsku ook dat baie mense sal maak asof hulle God is en sal wil hê mense moet hulle volg, maar ons moet elke dag gereed lewe vir wanneer Jesus ons gaan kom haal om vir altyd by Hom te bly. Die slegte goed wat gebeur, moet ons daaraan herinner om reg te lewe. Ons moet uitsien na die dag wat Jesus ons gaan kom haal.

En hoe moet kinders van God reg lewe? Ons moenie net kyk na dinge en mense wat vir ons sterk lyk en dink hulle sal ons red nie. Net God kan ons red. Net Hy kan sonde vergewe en net Hy sal ons vry maak van alles wat ons vashou. Ons moet elke dag lewe soos Hy van ons vra. Om lief te wees vir God en om lief te wees vir ons naaste, sodat almal Jesus se liefde in ons kan sien. Dit is hoe ons moet lewe.

doen & leer tyd


Vou 'n boot

Vandag gaan ons 'n bootjie maak. Die bootjie kan ons die Titanic noem. Ons gaan dit so sterk maak as wat ons kan, maar ons weet mos dat die bootjie op rowwe water sal sink. Die bootjie moet ons herinner daaraan dat niks wat ons as mense maak, groter en sterker as God is nie.

Moedig die kinders aan om vir iemand te vertel wat hulle vandag geleer het.

groet tyd

Dankie Jesus dat U groot en sterk is. U red ons van alle gevaar en hou ons in U hand vas. Ons is lief vir U.
Amen



Vou 'n bootjie.

Maak bootjies en laat dit op die water dryf.

